# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
Posbus/P.O Box 5
Lydenburg 1120

E-mail: admin@lydlaer.co.za

Omsendbrief 17 van 2023

01 Junie 2023




Geagte Ouers

1. **<u>DAGROOSTER: 05 - 09 JUNIE 2023</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 5 |
| Dinsdag | - | Dag 6 |
| Woensdag | - | Eksamen |
| Donderdag | - | Eksamen |
| Vrydag | - | Eksamen |

2. **<u>ATKV REDENAARS</u>**
Baie geluk aan die volgende leerlinge wat onder die top 10 ATKV-redenaars by HTS Witbank geeindig het:
Ane-mé Grobler, Kara Esser, Abigail Brink, Barend Kilian en Danika Kilian.
Ons is voorwaar trots op julle!

3. **<u>RUGBY</u>**
Baie geluk aan die 0/9A rugbyspan wat deurgegaan het na die Mpumalanga kwartfinale toe. Ons is sommer baie trots op julle!

4. **<u>TOETSREEKS</u>**
Die toetsreeks vind plaas vanaf 7 – 20 Junie. Die rooster is reeds op groepe geplaas.
**<u>Tydens die toetsreeks sal die skool elke dag om 12:00 sluit.</u>**

5. **<u>GRAAD R - 7 NUWE INSKRYWINGS vir 2024</u>**
**Graad R - 7 inskrywings vir <u>NUWE LEERLINGE IN 2024</u> vind op <u>Dinsdag, 13 Junie 2023 plaas vanaf 07:30 tot 11:00 by die hoofhek onder die afdak.</u> Bring asseblief die volgende saam:**
**Afskrifte van beide ouers se ID's**
**Bewys van adres (nie ouer as 3 maande nie)**
**Swart pen om die vorms te voltooi.**
**Kind se geboortesertifikaat**
**Laaste rapport (Graad 2-7)**

Geen kind se plek is verseker nie, die beheerliggaam neem die finale besluit**.**
<u>LEERLINGE WAT REEDS IN DIE SKOOL (GRAAD R - 6) IS, SAL OP 'N LATER STADIUM VORMS ONTVANG OM TE HERREGISTREER.</u>

6. **<u>VADERSDAGVERKOPE-MEDIASENTRUM</u>**
**Die Vadersdaggeskenkies word slegs op bestelling gemaak.** Bestellings sluit Woensdag, 7 Junie. Betaling saam met u bestelling vind by die kassiere plaas.
Daar is 4 verskillende geskenke beskikbaar van verskillende pryse: R10, R15, R30 en R100. Die geskenke sal op Donderdagdag, 15 Junie uitgedeel word. Advertensies is reeds op groepe geplaas.

7. **NETBAL**

Baie geluk aan die volgende netbalspanne wat ligawenners was van die Ehlanzeni-Kampioenskappe:
0/12 A 1ste plek
0/12 B 2de plek
0/13 A 1ste plek
0/13 B 1ste plek
Ons is trots op julle.

Baie sterkte aan die volgende netbalspanne wat aan die Mpumalanga kampioenskappe gaan deelneem:

| | | |
|---|---|---|
| 0/12B en 0/13B | Saterdag, 3 Junie 2023 | Ermelo |
| 0/12A en 0/13A | Saterdag, 9 – 10 Junie 2023 | Nelspruit |

8. **SKOOLGELD**

Ons ervaar tans dat ouers wat EFT betalings maak nie die leerling se NAAM EN VAN of die rekeningnommer op die staat Bv. BODE05 gebruik nie. Dit skep 'n groot probleem in die finansiële kantoor want die geld kan nie na 'n rekening geallokeer word nie. Moet asb ook nie slegs u kind se naam of slegs die van gebruik nie. Daar is baie kinders met dieselfde name en vanne.

Daar is nog heelwat skoolgelde uitstaande. Skoolfonds is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand. Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**